# Hoofstuk van die dag: Jakobus 3

> *Maar die wysheid wat van Bo kom, is allereers sonder bybedoelings, en verder is dit vredeliewend, inskiklik,*

*bedagsaam, vol medelye en goeie vrugte, onpartydig, opreg. (vers 17)*

Die eerste ding wat ons moet onthou as ons lees hoe Jakobus hom hier uitspreek teen naywer en selfsug (vers 14), is dat hy aan gelowiges skryf (Jak 1:1). Dis nie net ongelowiges wat met selfsug en jaloesie leef nie. In die kerk is dit helaas ook ’n probleem.
Jakobus se oplossing is dat ons met die wysheid wat van Bo kom moet leef (vers 17). Dit is van Bo, die wysheid wat die Heilige Gees in ons werk; ’n wysheid waar die klem nie op onsself en óns belangrikheid val nie, maar op ander, soos Jesus mos geleer het (Matt 22:39). Daar is nie plek vir narsiste in die Koninkryk nie. Jakobus sê ’n narsis se gerigtheid is aards, sinlik, demonies (vers 15).
Wat gebeur wanneer die Heilige Gees hemelse wysheid in ons werk? Ons begin lyk en dink en doen soos Jesus (kyk ook na 2 Kor 3:18)! Ons tree sonder bybedoelings en verskuilde agendas op. Ons is nie bakleierig nie, maar inskiklik, bedagsaam, vol medelye en goeie vrugte, onpartydig en opreg (vers 17).
Soos Jesus. Dís ons roeping.

## Onlangse Bydraes


- Rig 6:14 MET GOD SE TOERUSTING KAN JY DIENSBAAR WEES
- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking


## Argief


Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke

© Bybelkoerant 2018 – 2026